# PORTRETTE VAN VOORTREKKERS

deur

*Jan Visagie**

*Abstract*

**Portraits of Voortrekkers**

This article investigates whether authentic portraits of Voortrekker leaders exist. A brief overview of the early history of photography in South Africa brings to light that no photographs were taken before 1845-1846. It follows that no photographs exist of individuals who died prior to this date. Existing portraits of Sarel Cilliers, Jacob de Klerk, J.H. de Lange and L.J. Nel are briefly discussed. Consideration is then given to a series of portraits of Andries Pretorius. What is considered to be the most authentic portrait is then identified. This is then evaluated against the backdrop of B.J. Liebenberg's findings that none of the well-known portraits of Pretorius are in fact authentic.

The origins of a portrait, presumably depicting the Voortrekker leader Louis Tregardt, is discussed. A correspondent of *Die Volkstem* located it in 1938. It belonged to a descendant of Tregardt. This "discovery" has been subject to considerable debate and speculation. Up to recently it was believed that no authentic portrait existed. The author comes to the conclusion that it is indeed an authentic depiction of Tregardt.

## Inleiding

Die historikus hou hom hoofsaaklik besig met 'n uitbeelding van hoe die mens gelewe en gesterwe het. Deur middel van die geskrewe of gedrukte woord werk hy slegs in een dimensie, maar hy kan 'n hele ontwikkelingsgang van 'n menselewe of 'n gebeurtenis beskrywe. Die fotograaf en skilder se produk is driedimensioneel. In teenstelling met die historikus word hulle egter beperk tot die vaslegging van 'n beeld wat net maar 'n vlietende oomblik duur. Die historikus en die portretskilder se werkwyses is in sekere opsigte dieselfde: beide kies self hulle onderwerpe en besluit op hul eie wat hulle in die uitbeelding daarvan gaan insluit. Albei se keuses van onderwerpe en inhoud is dus hoogs subjektief en gekenmerk deur seleksie wat op eie voorkeure berus. Die historikus se produk moet egter aan streng wetenskaplike vereistes voldoen en sy feite moet volledig gedokumenteer word. Daarteenoor het die

---

* Dr. J.C. Visagie is argivaris van die Universiteit van Stellenbosch. Sy werk, *Voortrekkerstamouers,* sal na verwagting aan die einde van 1998 vrygestel word. Hy is tans besig met familienavorsing en 'n biografie oor J.H. de Lange.

*Historia,* 43(2), November 1998, pp. 55-66.

ongekontrakteerde skilder 'n vryheid om sonder verantwoording uit te beeld, na eie keuse in te voeg en uit te laat. Dié skilder het net sy gewete om mee saam te leef. Die fotograaf egter, se produk bevat 'n geselekteerde, maar getroue weergawe van 'n spesifieke beeld op 'n gegewe oomblik.[1]

Dit is treffend om te aanskou hoe die historikus se teks met 'n visuele dokument opgehelder kan word. Hoewel die foto of skildery slegs 'n gegewe oomblik uitbeeld, is dit dikwels hierdie beelde wat in die herinnering van 'n leser bly en meer inhoud gee as tien geskrewe dokumente! Enige leser wat redelik bekend is met die verhaal en leiers van die Groot Trek, sal op 'n vraag na hoe die leier Andries Pretorius gelyk het, dadelik die bekende skildery van hom met sy arm in 'n hangverband voor die gees kan roep. Die mens se geheue is blykbaar meer vatbaar vir die visuele as die literêre dokument en die opvoedkundige waarde van hierdie gegewe word al lankal besef.

Ek het in die afgelope jaar probeer nagaan van watter Voortrekkerleiers daar afbeeldinge/portrette of foto's bestaan. Uit die aard van my belangstelling het ek uiteindelik besluit om beskikbare afbeeldinge van alle Voortrekkers aan te teken. Omdat daar hoogs waarskynlik talle interessante en waardevolle afbeeldinge van Voortrekkers in privaatversamelings berus wat onmoontlik is om op te spoor, kan die totale getal afbeeldinge maar net 'n baie benaderde skatting wees. Nogtans wil ek dit waag om te sê dat daar ongeveer 150 afbeeldinge bestaan wat reeds in publikasies opgeneem is en dat daar na skatting minstens 'n verdere 100 portrette in private besit berus wat nog nie bekend gestel is nie. Waarskynlik is baie mense in besit van afbeeldinge van hul voorouers wat moontlik nog aan die Groot Trek deelgeneem het, maar is hulle van laasgenoemde onbewus en raak die portret of foto mettertyd in die vergetelheid en uiteindelik verlore.

## Lyste van Voortrekkers

Ongetwyfeld word daar ook nog in die kosbare fotoversamelings van ons nasionale argiefbewaarplekke en biblioteke heelwat afdrukke van portrette en foto's van Voortrekkers bewaar, maar word hulle nie as sodanig geïdentifiseer nie. 'n Navorser wat dit wil vasstel, moet dus met 'n lys van geïdentifiseerde Voortrekkers na hierdie instellings gaan en een vir een nagaan en kyk of daar afbeeldinge bestaan en hoe betroubaar dit is. Na afloop van so 'n soektog en identifikasie by die verskillende instellings sal 'n mens 'n vollediger lys van beskikbare foto's kan saamstel. Omdat daar tans (Januarie 1998) nog nie 'n redelik bekombare lys van Voortrekkers bestaan nie, kan só 'n soektog deur die meeste navorsers nie gedoen word nie.[2]

---

1. In verband met onderwerpe wat hier aangeraak is, kyk verder C.F.J. Muller, *Die Groot Trek in Beeld. Visuele dokumente uit en oor die Groot Trek* (Kaapstad 1978), pp. 7-8.

2. Skrywer hiervan beoog om in die nabye toekoms só 'n lys van Voortrekkers in boekvorm uit te gee onder die titel "Voortrekkerstamouers".

Bewaringsinstansies weet gevolglik ook nié watter van die persone waarvan hulle afbeeldinge het, aan die Groot Trek deelgeneem het nie.

## Beskikbare afbeeldinge van Voortrekkerleiers

Aangesien daar wel 'n gepubliseerde lys van bekende en redelik onbekende Voortrekkerleiers in die Mei 1990-uitgawe van *Historia* te vinde is, gee dit 'n geleentheid om te kyk of daar foto's of afbeeldinge van minstens dié leiers bestaan. Sover ek kon vasstel, is daar van die 28 leiers hieronder genoem, slegs ses waarvan ons oor afbeeldinge beskik, nl. van Sarel Cilliers, Jacob de Klerk, Hans Dons de Lange, Louis Jacobus Nel, Andries Pretorius en Louis Tregardt. Die vraag is natuurlik hoe betroubaar die afbeeldinge is. Die leiers se name met jaartalle van oorlye is soos volg:

Cilliers, Sarel Arnoldus (oorlede 1871); De Beer, Jan Matthys (oorl. ?); De Klerk, Jacob jr (oorl. 1881); De Lange, Johan Hendrik (oorl. 1861); Du Plessis, Jan (oorl. 1877); Erasmus, Johannes Jacobus (oorl. ?); Erasmus, Stephanus Petrus (oorl. 1847); Espag (Esbach), Joachim Christoffel (nog in lewe teen 1847); Fourie, David Stephanus (oorl. ?); Jacobs, Pieter Daniel (oorl. 1845); Landman, Karel Pieter (oorl. 1875); Lombard, Hermanus Stephanus (nog in lewe teen 1847); Malan, Hercules Philip (oorl 1838); Maritz, Gerhardus Marthinus (Gert) (oorl. 1838); Maritz, Johannes Stephanus (oorl. 1857); Meyer, Lucas Johannes (oorl. 1864); Nel, Louis Jacobus (oorl. ?); Opperman, Philippus Albertus sr (nog geleef in 1849); Potgieter, Andries Hendrik (oorl 1852); Potgieter, Jacobus Christoffel (oorl. ?); Pretorius, Andries Wilhelmus Jacobus (oorl. 1853); Retief, Piet (oorl. 1838); Rudolph, Gerhardus Jacobus (oorl. 1851); Tregardt, Louis (oorl. 1838); Uys, Petrus Lafras (oorl. 1838); Van Rensburg, Johannes Jacobus Janse (oorl. 1836); Van Rooyen, Gerrit Reynier (oorl. ?); en Visagie, Arie Zacharias (oorl. 1858).

## Aanvang van fotografie in Suid-Afrika

Aangesien die eerste foto's in Suid-Afrika vanaf 1845-1846 dateer en fotografie eers teen die einde van die jare veertig en daarná regtig begin posvat het, sou daar dus nie foto's van persone wat vóór 1845 oorlede is, geneem kon gewees het nie. Foto's soos ons dit vandag ken van belangrike leiers soos Pieter Daniël Jacobs, Hercules Malan, Gert Maritz, Piet Retief, Louis Tregardt, Piet Uys en Lang Hans van Rensburg kan daar dus nie wees nie. Indien daar afbeeldinge van hierdie persone bestaan, sal dit noodwendig tekeninge of skilderye wees of miskien produkte van die vroeë *daguerreo*tipe of die sogenaamde *Camera Lucida*. Eersgenoemde primitiewe fotografiese proses is in 1839 in Frankryk uitgevind, maar tot datum is daar geen

bewys in Suid-Afrika opgespoor dat dit vóór 1846 hier beoefen is nie.[3] Foto's van hierdie aard geneem was in die jare veertig hoofsaaklik tot Kaapstad en enkele ander dorpe beperk. Die *Camera Lucida* was 'n eenvoudige optiese instrument waarvolgens 'n spieëlbeeld op papier geprojekteer is en die beeld dan met die hand afgeteken is. Sir John Herschel, bekende sterrekundige, het gedurende die jare 1834-1837 merkwaardig akkurate beelde van 'n verskeidenheid tonele aan die Kaap op dié wyse vasgelê.[4] Sover ek kon vasstel, is dit nie bekend of daar op die plattelandse dorpe van die Kaapkolonie en ook in Natal "kunstenaars" met die *Camera Lucida* bedrywig was nie. Mense wat portretstudies in verskeie mediums (veral potlood, houtskool en waterverf) kon onderneem was hier en daar wel te vinde.

## Bespreking van beskikbare Portrette/foto's van leiers

### Sarel Cilliers


Ons beskik oor twee afbeeldinge van Sarel Cilliers. Die bekendste een is blykbaar 'n potlood- of houtskooltekening van Cilliers op middeljarige leeftyd. Die tekening is dus omstreeks die aanvangsjare van die Groot Trek gemaak en is al baie in publikasies afgedruk. Die tweede is beslis 'n foto van Cilliers toe hy heelwat ouer was en nadat hy, aldus sy biograaf, sy een oog in 'n ongeluk verloor het.[5] Hierdie foto is blykbaar omstreeks die jare vyftig van die vorige eeu geneem. Daar bestaan nie twyfel oor die identifikasie en betroubaarheid van hierdie afbeeldinge nie.

### Johan Hendrik de Lange (Hans Dons)

Ongeveer tien jaar gelede was 'n direkte afstammeling van Hans Dons, dr. J.H. de Lange van Nelspruit, so vriendelik om foto-afdrukke van dié Voortrekkerkommandant aan my te stuur. Sover bekend is dié afbeelding van Hans Dons en sy eggenote, Catharina Cornelia Lombard, die eerste keer in 'n werk oor die Groot Trek in 1989 gepubliseer[6] en dit is ook in die Nasionale Argief in Pietermaritzburg beskikbaar. Hierdie afbeelding van die egpaar is duidelik 'n foto wat ongeveer in die jare vyftig geneem is en word deur die familie as hulle voorouers geïdentifiseer.

---

3. N. Cowan, "A note on Daguerreotype photographs in South Africa", *Aficana Aantekeninge en Nuus*, deel 23, no. 6, Junie 1979, p. 242.
4. D.H. Varley (red.), "Note on the Camera Lucida", *Kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Biblioteek*, deel 12, no. 2, Desember 1957, pp. 72-81.
5. P.S. de Jongh, *Sarel Cilliers. 'n Biografie oor die Voortrekkerfiguur Sarel Cilliers* (Johannesburg, 1987), p. 222, *verso* van titelblad en foto op stofomslag.
6. J.C. Visagie, *Die Trek uit Oos-Rietrivier. Studies oor die Groot Trek* (Stellenbosch, 1989), teenoor p. 95.



**Illustrasie 1. Jacob de Klerk.**
**Bron: Klerksdorp Museum.**

## Jacob de Klerk jr

Ek was nie daarvan bewus dat daar 'n afbeelding van De Klerk bewaar gebly het nie totdat ek nou onlangs die Klerksdorp Museum geskakel het. Hulle het my dadelik van so 'n afbeelding of liewer foto vertel en vriendelik aangebied om 'n afdruk aan my te stuur. Dit word aanvaar dat dit 'n betroubare afbeelding van De Klerk is. Die bygaande is dan 'n afdruk daarvan en nog nie dikwels voorheen gepubliseer nie.[7]

## Louis Jacobus Nel


'n Foto van L.J. Nel (1778-?) se eggenote, Johanna Margaretha Botha, word in die Voortrekkermuseum bewaar. 'n Foto van die egpaar saam is te vinde in die *Bloedrivierse Eeufeesgedenkboek*[8] en word hierin geïdentifiseer as "Mnr. en mev. Louis (Groot Lewies) J. Nel." Aangesien J.M. Botha op hierdie foto kennelik dieselfde persoon is as die een in besit van die Voortrekkermuseum waar sy ook geïdentifiseer is, is daar nie twyfel dat die afdruk in die *Eeufeesgedenboek* inderdaad

---

Melanie Coetzee, museumgeesteswetenskaplike by die Klerksdorpse Museum, word hartlik bedank vir hulp in die verband.

8. A.G. du Toit en L. Steenkamp, *Bloedrivierse Eeufeesgedenkboek* (Pietermaritzburg, 1938), p. 68.

'n foto van die egpaar is nie. Die genoemde afdrukke is albei foto's wat omstreeks 1850-1860 in Natal geneem is.




**Illustrasie 2: Vier foto's van skilderye van Andries Pretorius.**
**Bron:** ***Africana Aantekeninge,*** **22(2), Junie 1976.**

**Andries Pretorius**

Daar bestaan minstens sewe afbeeldinge van Pretorius waar hy voorgestel word met sy een arm in 'n hangverband en sittende op 'n perd met 'n gesneuwelde Zulu-krygsman op die grond. Prof. Ben Liebenberg kom tot die gevolgtrekking dat die sogenaamde perdskilderye geen getroue weergawe van Pretorius is nie. Dan bestaan daar ook 'n olieverfskildery van Pretorius deur ene C. Kenzler wat in die Ou Raadsaal in Pretoria hang; 'n olieverfskildery van hom deur ene Hauser in 1840 wat in die Kultuurhistoriese Museum in Pretoria bewaar word; en ook nog 'n potloodtekening van luitenant J.A. Harding waar hy die onderhandelinge tussen die Voortrekkers en gesante van Dingane in Maart 1839 uitbeeld. Laasgenoemde tekening is die enigste kontemporêre afbeelding van Pretorius, maar heel tereg besluit Liebenberg dat dit as

afbeelding van Pretorius nie van groot waarde is nie omdat Pretorius se gesig op die tekening baie onduidelik is.

Liebenberg het die oorsprong en geskiedenis van die sogenaamde Hauser-skildery sorgvuldig nagevors en tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie genoegsame bewyse bestaan dat dit 'n voorstelling van Pretorius is nie. Die betroubaarheid van die skildery deur C. Kenzler kan nie met sekerheid bepaal word nie. Dit is 42 jaar ná Pretorius se dood geskilder deur 'n skilder waaroor geen inligting opgespoor kan word nie. Nogtans beskou Liebenberg dit as betekenisvol dat die lede van die destydse Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (ZAR) dit as 'n afbeelding van Pretorius aanvaar het. Hierdie skildery is die baie bekende een waar Pretorius staande en met sy geweer in die hand en arm in 'n verband voorgestel word. Volgens Liebenberg sou hy, as hy moet kies watter voorstelling van Pretorius die aanvaarbaarste is, die skildery van Kenzler verkies. Sy gevolgtrekking is egter dat daar nie 'n betroubare portret van Pretorius bestaan nie.[9]



**Illus. 3: Louis Tregardt en sy twee kinders. (Bron: C. Venter, *Die Groot Trek,* p. 34.) Afdrukke is ook in die argiefbewaarplekke van Kaapstad en Pretoria beskikbaar.**

---

B.J. Liebenberg, "Hoe het Andries Pretorius gelyk?", *Africana Aantekeninge en Nuus*, deel 22 no. 2, Junie 1976, pp. 68-69.

## Louis Tregardt

As Voortrekkerleier wat die eerste getrek het en wie se lotgevalle in sowel die Kaapkolonie as op die trekpad en in Delagoabaai talle historici se aandag geboei en studies daaroor gepubliseer het, is dit tog verbasend dat die meeste navorsers in die verlede aanvaar het dat daar nie 'n afbeelding van Tregardt bestaan nie! Hieronder volg dus 'n ontleding van hoe outentiek die enigste bewaargeblewe afbeelding van Louis Tregardt is.

Daar bestaan nie 'n omvattende biografie oor Tregardt se lewe nie en blykbaar het die meeste skrywers oor gedeeltes van sy lewe en sy trekgeselskap se wedervaringe nie ondersoek ingestel na afbeeldinge van Tregardt nie. Dr. Jan Ploeger se bydrae oor Tregardt se lewe in die eerste deel van die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (1968) meld dat dat daar nie 'n afbeelding van Tregardt bestaan nie. Tien jaar later het prof. C.F.J. Muller sy uitstekende werk *Die Groot Trek in Beeld* (1978) gepubliseer sonder 'n afbeelding van Tregardt daarin. Vermoedelik was Muller bewus van die ondergenoemde afdruk wat na bewering 'n afbeelding van Tregardt is. Die onsekerheid van identifkasie van hierdie portret het hom moontlik teen plasing laat besluit.

In ongeveer 1983 het skrywer hiervan 'n besoek aan die Voortrekkermonumentmuseum in Pretoria gebring. In een van die uitstalkaste was 'n foto-afdruk van 'n kleinerige portret waarby dit gemeld is dat dit na bewering 'n afbeelding van Tregardt is. Op navraag het een van die navorsingspersoneel my meegedeel dat die herkoms van die afdruk onbekend is en daar nie met sekerheid gesê kan word of dit inderdaad Louis Tregardt is nie. Laasgenoemde mededeling word bevestig in die boek *Op Trek* (1988) onder redaksie van dr. Celestine Pretorius waarin sy, of dan een van haar kollegas van die Kultuurhistoriese Museum in Pretoria, vermeld dat daar twyfel bestaan "of die bekende foto van Louis Tregardt in die versameling van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum werklik outentiek is".[10] Waarskynlik as gevolg van die twyfelagtige identifikasie het hulle dan ook die afbeelding nie ingesluit nie.

In Rhe Carstens se *Voortrekkerlewe* (1988) word 'n duidelike afbeelding van "Louis Tregardt" gepubliseer en daarby sonder huiwering verklaar dat die portret waarskynlik in Delagoabaai gemaak is.[11] Carstens het haar inligting vir die byskrif moontlik gekry in dr. Chris Venter se *Die Groot Trek* waarin ook 'n afbeelding van Tregardt geplaas is en vermeld word dat die portret vermoedelik kort voor sy dood in

10. C. Pretorius (red.), *Op Trek. Die daaglikse lewe tydens die Groot Trek* (Pretoria, 1988), p. 20.

11. Rhe Carstens (met medewerking van P.W. Grobbelaar), *Voortrekkerlewe: agter die skerms op die Groot Trek* (Johannesburg, 1988), p. 37.

Lourenço Marques vervaardig is.[12] Sowel Carstens as Venter gee die bron van die afdruk van Tregardt aan as die Nasionale Argief in Pretoria. Die afbeeldinge in die twee werke is duidelik van dieselfde persoon, maar dit is beslis nié van dieselfde bron afkomstig nie. Carstens se afdruk is duidelik 'n oorgetekende weergawe en dáárom veel duideliker.

Die afbeelding in Carstens se *Voortrekkerlewe* lyk op 'n haar na dieselfde as die tekening in 'n werk van Gerhard Aucamp met die titel *Suid-Afrikaanse heldegalery* (1947).[13] In laasgenoemde werk kom 'n mens agter die kap van die byl as dit genoem word dat die afbeelding van Tregardt 'n "Tekening van 'n ou portret" is wat deur *Die Volkstem* ontdek is.

Carstens, Venter en Aucamp aanvaar dus dat dit 'n afbeelding van Louis Tregardt is. Dis ook duidelik dat die afbeeldinge in die museum by die Voortrekkermonument ofte wel die Kultuurhistoriese Museum in Pretoria én die in Venter se *Die Groot Trek* presies dieselfde "oerbron" het. Verder is dit opsigtelik dat Aucamp en Carstens se afbeeldinge van dieselfde bron afkomstig is en dat Aucamp die "oorspronklike afdruk" laat oorteken het en dit dan die weergawe is in sy *Heldegalery*.

In die Nasionale Argief, Kaapstad, word ook 'n afdruk van 'n portret van Louis Tregardt bewaar en dit is duidelik dat dit dieselfde is as die afdrukke in Venter en in die Museum in Pretoria. Kyk 'n mens na die beskrywing van die betrokke afdruk in die Leica-fotoregister van die Nasionale Argief in Kaapstad, dan word genoem dat dit 'n afdruk is van die foto wat in *Die Volkstem* se *Spesiale Eeufeesuitgawe 1938* verskyn het.[14] In laasgenoemde blad is daar 'n uiters interessante artikel deur ene H.C.K. getitel "Louis Trichardt se portret gevind".[15] Die artikel gee te kenne dat die ontdekte portret van "Trichardt" in die betrokke uitgawe gepubliseer word, maar in die eksemplare van die *Eeufeesuitgawe* in die J.S. Gericke-biblioteek op Stellenbosch en dié in die Suid-Afrikaanse Biblioteek te Kaapstad, is daar nie 'n spoor van die afbeelding nie. Indien dit wel oorspronklik in die blad verskyn het, dan was dit waarskynlik op 'n los blad afgedruk wat in die betrokke eksemplare verlore geraak het.

Dat daar inderdaad so 'n afbeelding deur hierdie of 'n latere *Volkstem* bekend gestel is, word deur die bogenoemde verwysing in die Leica-foto-versameling bevestig. Gelukkig het die "ontdekte" afbeelding van Tregardt dus bewaar gebly in onder meer

---

12. C. Venter, *Die Groot Trek* (Kaapstad, 1985), p. 34.

13. G. Aucamp (red.), *Suid-Afrikaanse heldegalery. Gedenkboek van figure in ons geskiedenis wat deur hul heldedade, baabrekerswerk en self-opoffering in dankbare herinnering behoort te bly* (Kaapstad, 1947), p. 28.

14. KAB (Kaapstad Argiefbewaarplek), L 258 Foto van L. Tregardt.

15. H.C.K., "Louis Trichardt se portret gevind", *Die Volkstem, Spesiale Eeufeesuitgawe*, Vrydag 9/12/1938, pp. 38-39.

die Nasionale Argief te Kaapstad en in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria. Die belangrikste vraag is of dit werklik 'n portret van Louis Tregardt is?

Om die outensiteit van die afbeelding te probeer bepaal, moet ons kyk na die herkoms daarvan, die portret self en of die persoon afgebeeld wel herkenbare familietrekke vertoon. Wat eersgenoemde betref, beskik ons oor die inligting wat deur *Die Volkstem* geopenbaar is. Hiervolgens was die enigste bekende portret van Tregardt destyds (1938) in besit van ene mev. Suzanna Britz van Kimberley. Mev. Britz was glo 'n agterkleinkind van die Voortrekker. Haar moeder was naamlik 'n dogter van Louis Tregardt jr, 'n seun van die ou Voortrekker. Volgens die artikel het die ou Voortrekker se seuns, Carolus (Karel), Pieta en Louis jr. onderskeidelik in Middelburg, Rustenburg en Natal gevestig. Die Natalse Tregardts het dikwels in Bedford in die Kaapkolonie gaan kuier en dit was vermoedelik op een van hierdie besoeke dat afdrukke van die "oorspronlike portret" vervaardig is. Blykbaar is die afdrukke deur 'n fotograaf in King William's Town gemaak. Moontlik was die fotograaf se naam en adres op die afdrukke geplaas.

Die vermelding van die Tregardts se besoeke aan Bedford is geloofwaardig aangesien hulle vader tot in 1835 daar geboer en in die distrik heel waarskynlik nog familie gewoon het. In die artikel word die moontlikheid geopper dat die afdrukke van die ou Voortrekker se portret op dié wyse aan die kinders en kleinkinders versprei is en mev. Britz se moeder dus ook 'n afdruk bekom het. Mev. Britz se moeder was Maria Elizabeth "Trichardt" wat getroud was met ene Van der Nest. Volgens mev. Britz het haar moeder dikwels na die afdruk verwys as 'n afbeelding van haar oupa, die ou Voortrekkerleier.[16] Die inligting deur mev. Britz aan die artikelskrywer verskaf boesem vertroue in en die feite is korrek. Daar is dus nie rede om die getuienis van mev. Britz te betwyfel nie en haar verklaring dat dit die portret van die ou Voortrekker is, kan as geloofwaardige familie-oorlewering beskou word. Dit moet ook as eerste bewys dien wanneer die outensiteit van die portret oorweeg word.

'n Tweede interessante leidraad om die portret te identifiseer, kom na vore as die man op die afbeelding met 'n portret van Louis Tregardt junior en sy suster Annie vergelyk word.[17] Indien die twee portrette naas mekaar gelê word soos dit byvoorbeeld in dr. Chris Venter se *Die Groot Trek* afgedruk word, dan is die ooreenkoms van gelaatstrekke van die man en die twee kinders opvallend. Veral die kinders se monde lyk baie na dié van die man wat na bewering hulle vader is. Myns insiens trek die dogtertjie veral na haar vader. Met hierdie bykomende gegewens is daar min twyfel dat die man op die portret 'n afbeelding van die Voortrekkerleier Louis Tregardt is.

---

16. *Ibid.*
17. Die twee kinders se volle name was Louis Gustaf en Anna Elizabeth Tregardt, vgl. J.C. Visagie, *Die Trek uit Oos-Rietrivier*, p. 134.

Is die portret geteken of is dit 'n foto? Tregardt is in 1838 in Lourenço Marques oorlede en die portret moet noodwendig 'n tekening wees of miskien die produk van iets soorgelyk as die *Camera Lucida* wat hierbo beskryf is. 'n Ondersoek van die portret self toon eweneens dat dit nie 'n "suiwer" foto kan wees nie. Om dit te staaf het die skrywer van die artikel in *Die Volkstem* daarop gewys dat daar verskeie kenmerke is wat nie deur 'n fotografiese proses verkry kon word nie. In die verband wys hy op die rande van die breë lapelle van die baadjie wat nie so lig afgeteken sou gewees het as dit 'n foto was nie. Die rande is opsetlik duidelik omlyn en die produk kon alleenlik verkry word deur dit só met die hand te teken.

Verder is daar ook soortgelyke voorbeelde waar die tekenaar die skouers van die persoon duideliker omlyn het sodat dit met die donker agtergrond kontrasteer. Die skaduwees van die wenkbroue en kuif van die persoon op die portret is beslis ook nie fotografies nie, maar ingeteken.

Voorts het die artikelskrywer die hulp verkry van 'n "deskundige", ene Charles Leonard, en hy het ná bestudering van die portret soos volg gerapporteer:

> Volgens my mening is die foto van Louis Trichardt verkry by wyse van die vroeë gom-bromiede-proses, waarby die besonderhede ingevul is deur die gebruik van sjablone en houtskool swart. Hierdie portret is 'n fotografiese kopie van die oorspronklike vergrote prent.

Die "deskundige" se gevolgtrekking is dus dat die portret die produk is van 'n fotografiese proses wat deur 'n persoon verder met houtskool geaksentueer het. Skrywer hiervan betwyfel dit egter of hier hoegenaamd van 'n fotografiese proses sprake kan wees soos ons reeds hierbo uiteengesit het. My gevolgtrekking is dat die oorspronklike portret 'n gewone potlood- of houtskooltekening is.

Wanneer en waar is die portret geteken? Hierdie vrae is onmoontlik om met sekerheid te antwoord. Tregardt was 55 jaar oud toe hy op 25 Oktober 1838 in Delagoabaai oorlede is. Beoordeel volgens sy redelik plooilose voorkoms op die portret sou 'n mens miskien kan oordeel dat die tekening gemaak is toe hy tussen 40 en 50 jaar oud was. In hierdie jare het Tregardt in die omgewing van die wyk Oos-Rietrivier (vandag Bedford), dit wil sê nie te ver van Grahamstad af nie, gewoon.[18] Indien só 'n aanname aanvaar word, beantwoord dit reeds die volgende vraag, nl. wáár die tekening sy ontstaan gehad het. Die tekening kon deur 'n persoon in die buurt van Grahamstad of op een van Tregardt se plase geteken gewees het. My bespiegeling oor wanneer en waar die tekening gemaak is, is dus hoofsaaklik gebaseer op Tregardt se geskatte ouderdom toe die portret geteken is.

---

In verband met Tregardt se woonplekke in die Kaapkolonie, kyk Visagie, *Die Trek uit Oos-Rietrivier*, pp. 138-139.

Ons kan dus aanvaar dat die portret van Louis Tregardt by hierdie artikel afgedruk 'n outentieke afbeelding van die ou Voortrekkerleier is.


## *Opsomming*

## Portrette van Voortrekkers

In hierdie artikel word nagegaan of daar outentieke afbeeldinge van Voortrekkerleiers bestaan. Die vroeë jare van fotografie in Suid-Afrika word baie kortliks na verwys om aan te toon dat daar nie foto's vóór 1845-1846 geneem is nie en gevolglik dat persone voor hierdie jare oorlede, nie gefotografeer kon gewees het nie. Die beskikbare afbeeldinge van Sarel Cilliers, Jacob de Klerk jr (1791-1881), J.H. de Lange en L.J. Nel word kortliks bespreek. Voorts word uitgewei oor die afbeeldinge wat oor Andries Pretorius beskikbaar is en watter afbeelding die betroubaarste is. Navorsing van prof. Ben Liebenberg het egter aangetoon dat nie een van die bekende afbeeldinge van Pretorius betroubaar is nie. Die herkoms van 'n afbeelding wat na bewering dié van die Voortrekkerleier Louis Tregardt is, word vervolgens uiteengesit. Daar word bevind dat 'n medewerker van die koerant *Die Volkstem* 'n portret van Tregardt in 1938 by 'n afstammeling opgespoor het. Dié "ontdekking" is egter ná 1938 óf gewantrou óf vergeet want op enkele uitsonderinge na is tot vandag aanvaar dat ons nie oor 'n betroubare of enige afbeelding hoegenaamd beskik nie. Skrywer van hierdie artikel het die "geskiedenis" van die portret opnuut ondersoek en op grond van verskeie getuienis bevind dat dit 'n outentieke afbeelding van Tregardt is.